NOORDELIKE SINODE NUUSBRIEF
verskil

Ek wil asb inteken op Verskil / Kanselleer asb my intekening op Verskil

- **Webblad:** http://noordsin.ngkerk.net
- **Facebook**: https://www.facebook.com/noordsin/
- ***Badseloopjeugkampterrein*** [Kontak Riana by 083 308 9511 [na 14:00] of stuur 'n epos na badseloopjeugkamp@gmail.com.] **Facebook:** Kliek hier.

4 Junie 2021: Nr 19/2021

Warmnuus

Die Jaar van God se Genade

Die derde van vanjaar se kreatiewe werkswinkels oor die viering van die kerklike jaar - ***Die jaar van God se Genade*** vind van ***9 - 10 Junie*** plaas. [Gewysigde datum]
Die **aanlynaanbieding** word van 09:00 - 16:00 deur André Bartlett gelei.
Daar word saamgedink en -gewerk aan die viering van Drie-eenheids-sondag, die Sondae in Koninkrykstyd, Hervormingsondag en Sondag van Christus die Koning.
Registreer hier teen *4 Junie*. Predikante kan 20 VBO-punte verdien.

Sinodenuus

Sinodehuis

Kontak gerus die personeel by die volgende selnommers en eposadresse:

Hermien Swart 072 222 6360 / hermien@noordsin.co.za.
Johan Kruger 083 554 4971 / johan@noordsin.co.za;
Naomi van Wyk 082 640 1893 / naomi@noordsin.co.za;
Paul Grobler 082 653 5734 / paul@noordsin.co.za;
Sandra Grobler 079 527 2684 / sandra@noordsin.co.za.

Belangrike datums

06 Junie : Biddag vir Ekologie
13 Junie : Biddag vir Jeug en Kategese
16 Junie : Jeugdag

POPIA en PAIA

Registrasie van inligtingsbeamptes - Gemeentes kan nou reeds hul inligtingsbeamptes registreer by die volgende skakel: **https://justice.gov.za/inforeg/portal.html**. Gemeentes se inligtingsbeamptes het tot *30 Junie* om by die Inligtingsreguleerder te registreer.

Handleiding - Die handleiding spesifiek vir gebruik deur gemeentes (kerkkantore) is op die Algemene Sinode se webwerf beskikbaar. **Kliek hier** om die handleiding af te laai. Die POPIA-Handleiding verskaf die riglyne om aan die agt wetlike voorwaardes te voldoen ten einde te verseker dat daar met sorg omgegaan word met persoonlike inligting. • Alle dokumente is beskikbaar by **https://www.kerkargief.co.za/inligtingswet/#popia**.

Kursus aangebied deur VBO Forum en NGK Argief - Persone is steeds welkom om vir dié kursus te registreer. Koste R50. **Kliek op die skakel**: **https://forms.gle/xBQ8DcN84EMJbUyi7**

Na registrasie en ontvangs van bewys van betaling sal jy dan log in details ontvang (gewoonlik binne 48 uur) om op Hugenote Kollege se aanlyn platform die opleiding te voltooi.
Navrae: **Bridget Leibbrandt [Tel** 021 808 3624/ bleibbrandt@sun.ac.za]

❖ Sinodesitting 2021

Na baie deeglike besinning is daar tot die oortuiging gekom om nie in 2021 'n virtuele sinodesitting te hou nie. Die Sinodale Diensraad (SDR) het besluit om: ***Die beplande Sinodesitting wat in Oktober 2021 sou plaasvind, uit te stel na Oktober 2022;***

❖ Tekslees met 'n verskil

Datum: *08 Junie*
Skriflesing: **Joh 4:46-54**
Kontak Fanie Cronjé (083 415 1452) of **Kobus Myburgh** (083 227 7185) vir navrae.
Zoom uitnodiging: Join Zoom Meeting [**Kliek hier**]; **Meeting ID**: 921 9767 1478; Password: 453371.

Kollega- en ander personeelnuus

❖ Voorbidding

Die volgende persone het positief getoets vir Covid-19:

Anthony Tosen [Gemeentebestuurder by Andrew Murray] is ernstig siek in die hospitaal; **André Botha** [Naboomspruit]; **George Nel** [Emeritus]; **Johan en Rita Pienaar** [Emeritus]; **Lindy Bootha** [Magalieskruin]; **Louis Pretorius** [Naboomspruit] en **Willem Pretorius** [Rustenburg-Proteapark].

❖ Beroep/Bevestiging

<<< Elané Stassenberg [prop] word eerskomende Sondag *6 Junie* in 'n deeltydse leraarspos by Overkruin bevestig. Sy is die dogter van ***Nelius Steyn*** [Wonderboom]

Fanie Cronjé het die afgelope Sondag afskeid geneem van Riviera-Jakaranda en word op *6 Julie* in Lynnwood bevestig **>>>**.

❖ Afskeid

<<< Christo van Vuuren [Sesmylspruit] het op *31 Mei* afskeid geneem. Hy het reeds op *31 Desember* emeritaat ontvang. Hy en sy vrou, **Hannatjie**, gaan in Pretoria aanbly en hul toespits op 'n bediening gerig op oumas en oupas.

>>> Johan Janse van Rensburg [Kerk-in-Suid] het die beroep na Jeffreysbaai aanvaar en sy afskeid vind op Sondag *20 Junie* plaas.

❖ Verjaarsdagwense

Hartlik geluk aan die volgende persone wat verjaar:

07/06 Louis Pretorius [Naboomspruit, 072 394 6097, loupret@telkomsa.net]
11/06 Hennie Pieterse [Emeritus, pietehjc@absamail.co.za]
12/06 Francois Esterhuizen [Raslouw, 082 786 9674, francoisest@xsinet.co.za]
Hein Wiegand [Capital Park-Concordia, 083 289 9224, wiegandhj@yahoo.co.uk]

07/06 Roné van Rooyen [Messina, 072 828 0310, alvanrooyen@gmail.com]
12/06 Ilindi Rotteveel [Pretoria-Tuine, 084 312 0950, tuine@rotteveel.co.za]

Gemeentenuus

❖ Verjaarsdae: Baie geluk!

Pretoria: 07/06/1854
Waterkloofrif: 11/06/1984

❖ Roedtan: Basaar

Willem Pelser skryf die volgende: "*Ons het verlede Saterdag basaar gehou. Een van die items wat tydens die veiling opgeveil was, was ons oudste lidmaat, Tannie Ria (94jr). Die inkomste op die veiling self, was R6600 + 500USD + een koei + een kalf. Ander bedrae het oor die internet ingekom. Totale opbrengs is in die omgewing van R38 350.00*".
* Kliek hier en kyk na die video.

❖ Universiteitsoord: Skarrejag >>>

Universiteitsoord hou op *26 Junie* sy tweede Skarrejag! Die skattejag-resies ('n skattejag in jou kar) gebeur in die omgewing van die kerk waar elke span per motor 'n aantal bakens (pit stops) moet besoek, vrae beantwoord of eenvoudige aktiwiteite moet voltooi.
*** Registrasie** begin 08:00 by die kerk waar jy solank 'n koffie kan koop en jou roete begin beplan.
*** Wegspringtyd** is 9:30.
Die eerste span wat terug is by die kerk met die meeste regte antwoorde en die meeste voltooide aktiwiteite, wen! Na afloop van die "resies", kan jy een van ons heerlike kosstalletjies besoek.
*** Inskrywings** en vooraf bestellings vir kos, kan gedoen word by: **www.universiteitsoord.co.za**
*** Navrae**: Kerkkantoor – 0123620663/4 of Fritz Snyman – 082 332 5781

Excelsus

❖ 2021 Lentekonferensie: *14-16 September*

Hoofsprekers: * *Elna Mouton; * Max du Preez; * Michael Lapsley.*
<<< Logo

❖ Kursusse/werkwinkels

Summer mini-courses - Ministry in a COVID-Shaped World



Calvin Theological Seminary, in collaboration with the Calvin Institute of Christian Worship and the Center for Excellence in Preaching, is offering courses designed to support your ministry leadership amidst the ongoing pandemic. These **online mini-courses** focus on key ministry challenges you face today.
Registration form: **Click here**

[**VBO**: 12 punte vir al drie sessies saam of 4 punte per sessie]

Session 1: *1-9 June* [**Click here** for more information]
Session 2: *21 June – 9 July* [Click here for **more information**]
Session 3: *12 - 30 July* [Click here for **more information**]

Brugbediening - 'n Kursus aangebied deur die Sentrum vir Geloof en Gemeenskap te UP
Datums: Week 1 (*16-19 Aug*); Week 2 (*08-11 Nov*)

Kursusleier: Prof Malan Nel
Kliek hier vir volledige inligting.
Vir navrae kontak asseblief vir Hesmarie Bosman by 012 420 4952 of epos; Hesmarie.Bosman@up.ac.za

❖ VBO-Forum

Andrew Root webinare - *9 Junie & 17 Junie [19:00-21:00].*

DinkJeug en die *Emmaus Sentrum* bied in Junie 'n reeks van 3 webinare met Andrew Root aan. [Besoek ook: **https://andrewroot.org**] - Kom luister en gesels saam oor die tema "**Ministry in a Secular Age**" in terme van geloofsvorming, predikante en gemeentes.
Koste: R250 vir die reeks van 3.
VBO punte: 2 per sessie (6 in totaal)
Registreer by: **https://forms.gle/TE722MgDTAK5LN9g7**.
Navrae: Bridget Leibbrandt, 021-808 3624 / bleibbrandt@sun.ac.za.

Ander nuus

❖ Vakatures: Kerkbode

Kliek hier vir die vakatures wat in die *elektroniese* Kerkbode geadverteer word.

❖ Nuusbriewe

CLF Nuusbrief - In die Mei 2021 nuus vertel ons van die verrassingsbesoek van ons Bybelprojek ambassadeur, deel ons Dankbaarheidsprojek-stories en vele WEES 'n WENNER! "testimonies". Ons vertel ook waar ons pamflette vir uitreike en opleiding gebruik word, nuwe EBOOKS en vele meer.
* **Kliek hier** om die nuusbrief wat die videos insluit te lees

Christelike Lektuurfonds: Nuut op die rak - Die **elektroniese Christelike Kernensiklopedie (eCKE)** is nou **gratis** beskikbaar by **www.ecke.co.za**. CLF laat weet dat hierdie Christelike ensiklopedie die enigste van sy soort in Afrikaans is. Meer as 160 medewerkers het bygedra tot die ensiklopedie en dit bevat nagenoeg 4 000 kort artikels.

Volgens CLF vertel dit die verhaal van die Christelike geloof van aanvang tot hede en dui die verskillende stromings, gedagterigtings en historiese gebeurtenisse en persone aan wat 'n bepalende invloed op die Christendom in Suid-Afrika, Afrika en die wêreld gehad het. "Dit laat lig val op draaipunte in die voor-, antieke en moderne geskiedenis – soos die sondvloed, die Babiloniese ballingskap, die kruistogte, die Renaissance, die Hervorming, die Anglo-Boereoorlog, die wêreldoorloë, die Belydenis van Belhar, Nine-Eleven (9/11) sowel as COVID-19."

Die ensiklopedie word gratis beskikbaar gemaak danksy die bydraes en ondersteuning van uitgewers Bybel-Media, FAK, die Christelike Lektuurfonds, die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns, teologiese fakulteite, ATKV, Hiemstra-trust, Dagbreek-trust, Ton Vosloo-trust en PUK-Kanselierstrust.

Naskrif

Kaapse kelpwoud een van die Sewe Wonders

Die kelpwoude van Kaapstad, wat bekendheid verwerf het weens die bekroonde dokumentêr, *My Octopus Teacher*, is deur Bloomberg aangewys as een van die nuwe Sewe Wonders van die Wêreld.

Die onderwater oerwoud, wat 16 kilometer suid van Kaapstad geleë is, is groter as die Grand Canyon en is die tuiste van miljoene seediertjies.
Die ander ses besieningswaardighede wat hierdie besonderse lys gehaal het, is: Antequera Dolmens (Spanje), Baalbek (Libanon), Nahanni (Kanada), Top End Rock Art (Australië), San Agustin (Colombia) en Sigiriya (Sri Lanka).

Kliek hier om foto's en 'n kort beskrywing van elke nuwe Wonder van die Wêreld te lees.

Met die oog op eerskomende Sondag se Biddag vir Ekologie